# Hoofstuk van die dag: Eksodus 39

*Moses het al die werk geïnspekteer en gesien dat dit gemaak is soos die Here beveel het. Toe het Moses die vakmanne*

*gelukgewens en bedank. (vers 43)*

Soos ’n goeie leier inspekteer Moses die werk, en wens hy die vakmanne geluk met hulle prestasie. ’n Mens sou ook kon vertaal dat hy hulle geseën het.

Interessant dat die beskrywing hier aan die einde van die hoofstuk baie herinner aan die beskrywing van die voltooiing van die skepping (Gen 2:1-3). In die skeppingsverhaal word beskryf hoe God vir ons ’n woning gemaak het, en in Eksodus staan hoe die Israeliete vir God ’n woning maak sodat Hy tussen hulle kon woon. In beide gevalle rus die seën van die Here op die werk.

In hierdie gedeelte word sewe maal herhaal dat die Israeliete gemaak het “presies soos die Here vir Moses beveel het” (vers 32). Dié instruksies staan in hoofstuk 28. Dit was nie ’n oefening in vrysinnigheid nie, maar in gehoorsaamheid. Dit is soos dit hoort. ’n Mens kan nie die Here dien én jou eie kop volg nie.

---

*Naskrif*: Ons sluit môre af met die boek Eksodus. Gedurende die vakansie hou ek vir eers op met die hoofstuk per dag. Ek sal (DV) weer op 1 Februarie 2021 die program hervat met die boek 1 Korintiërs.

## Onlangse Bydraes


- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand



© Bybelkoerant 2018 – 2026